

# 1. Saul en Dawid

## 1 Samuel 16 tot 2 Samuel 1

### God is getrou

Dawid verkeer by verskeie geleenthede in lewensgevaar, maar hy bly op die Here vertrou. Die Here red hom telkens weer. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Gelowiges gaan ook deur moeilike tye en omstandighede.
- Die gelowige moet alleen op die Here vertrou.
- Slegs by die Here is daar ware redding.

### Salwing van Dawid

Die Here verwerp Saul as koning, maar daarmee verwerp die Here nie die koningskap nie. Daarom ontvang Samuel 'n bevel van die Here om na Betlehem te gaan en daar een van Isai se seuns tot koning te salf. Samuel maak beswaar omdat hy bang is dat Saul dit sal hoor en hom dan sal doodmaak. Die Here beveel hom egter om Isai en sy seuns na 'n offermaaltyd te nooi, waar hy dan die seun wat die Here sal aanwys, moet salf. Samuel gaan na Betlehem. Hy stel die oudstes van die stad, wat bekommerd oor sy besoek is, gerus en nooi Isai en sy seuns na 'n offermaaltyd. Daarna lig hy Isai volledig in oor die doel van sy besoek.

Sewe van Isai se seuns kom een vir een voor Samuel verby, maar nie een van hulle is die koning wat die Here gekies het nie. Op Samuel se vraag of Isai nog seuns het, antwoord hy dat sy jongste seun in die veld by die skape is. Samuel laat Dawid roep. Dan vat hy die horing met olie en salf hom voor sy broers tot koning oor Israel. Hy was die bekendste en mees geliefde koning wat Israel ooit gehad het, 'n man na God se hart.<sup>1</sup> Uit sy nageslag sou die Messias later gebore word.<sup>2</sup>

---

1 Hand. 13: 22 En nadat Hy hom afgesit het, het Hy Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Isai, gevind, 'n man na my hart, wat al my welbehag sal doen.

2 Matt. 1: 1 Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham:

Die Gees van die Here werk van daardie dag af kragtig in Dawid. Dit duur nog lank voordat hy koning word, want Saul is nog op die troon. Daarom gaan pas Dawid weer skape op soos voorheen.

### **Dawid in die paleis van Saul**

Dawid moet nog leer hoe 'n koning optree. Die Here beskik dit so dat Dawid vir Saul gaan werk. Saul het nie na die woorde van die Here geluister nie, en daarom het die Here hom verlaat. Saul word nou geteister deur 'n bose gees wat deur die Here gestuur is om hom te ontstel. So straf God die koning wat Hom verwerp het. Saul se dienaars sien sy vreemde optrede en dit ontstel hulle. Sy oë is wild en sy hande klou sy spies krampagtig vas.

Op 'n keer toe Saul rustiger is, raai sy dienaars hom aan om vir hom 'n sitiespeler te soek sodat die hom kan kalmeer wanneer hy ontsteld raak. Dawid kan goed siter speel, daarom laat Saul hom na die paleis bring en stel hom aan om voortaan vir hom op die siter te speel. Saul raak baie geheg vir Dawid en stel hom selfs as sy wapendraer aan. So kry Dawid gereeld met staatsake te make en leer hy ook hoe om oorlog te voer. Die Here berei hom voor vir sy koningskap wat sal volg.

### **Dawid en Goliat**

Later toe Saul se toestand verbeter, keer Dawid terug na sy pa se huis om sy skape op te pas. Intussen trek die Filistyne weer op om teen Israel oorlog te voer. Onder hulle is 'n reus met die naam Goliat. Saul se leër lê in die dal van die terpentynboom teenoor die Filistyne. Niemand uit Israel het die moed om teen die reus te veg nie. Elke môre en elke aand daag die reus Israel se leër om iemand te stuur wat teen hom sal veg. Hy spot met die Israëliete en hulle God.

Dawid se broers is ook in Saul se leër. Op 'n dag stuur Isai vir Dawid, wat nog jonk is, om vir sy broers kos te neem. Dawid hoor hoe Goliat met die Israëliete en met God spot. Dadelik is hy bereid om teen Goliat te gaan veg. Toe Saul dit hoor, laat hy Dawid na hom kom. Saul sê vir Dawid dat hy as jong seun nie opgewasse sal wees teen so 'n baasvegter nie.

Dawid antwoord dat hy as herder 'n skaap uit die bek van 'n leeu en 'n beer gered het, en altwee doodgemaak het. In geloof sê hy verder vir Saul dat dit met hierdie onbesnede Filistyn net so sal gaan. Hy doen dit nie uit eie krag nie, maar die Here sal hom die oorwinning gee. Saul wil vir Dawid sy

wapenrusting gee, maar Dawid kan nie daarin beweeg nie. Hy trek gou sy eie klere weer aan en neem sy herderstaf en sy slingervel. In die spruit wat deur die vlakke loop, tel hy 'n paar gladde klippe op vir sy slingervel.

### **Dawid verslaan Goliat**

Goliat spot met Dawid toe hy die jong seun sien. Hy beveel Dawid om na hom toe te kom sodat hy hom kan doodmaak. Dawid antwoord dat hy na hom kom in die Naam van die Here. Terwyl Goliat nog besig is om met Dawid te spot, tref 'n klip uit Dawid se slingervel hom teen sy voorkop, sodat hy op die grond neerslaan. Dawid neem Goliat se swaard en maak hom met die swaard dood. Toe die Filistyne sien dat hulle held dood is, skrik hulle en slaan op die vlug. Die Israëliete sit hulle agterna en verslaan hulle met hulp van die Here.

Met hierdie heldedaad verower Dawid die harte van sy volk, want by die terugkeer van Saul se leër sing die vroue: "Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende." Saul is jaloers op Dawid. Daarom hou hy nie sy belofte om sy oudste dogter aan die man wat Goliat oorwin, te gee nie. Van daardie oomblik af probeer Saul om Dawid dood te maak.

### **Saul probeer Dawid doodmaak**

Dawid se oorwinning oor Goliat maak van hom 'n volksheld. Saul raak al meer afgunstig op Dawid. Hy kom nou agter dat Dawid die man is wat in sy plek koning sal word. Daarom soek hy 'n geleentheid om Dawid dood te maak. Die bose gees vaar weer in Saul in sodat hy rasend in sy paleis rondloop.

Sonder om die minste gevaar te verwag, speel Dawid weer vir Saul op sy siter. Skielik gooi Saul sy spies na hom. Tweemaal ontduik Dawid Saul se pogings om hom dood te maak. Saul sien dat die Here Dawid beskerm, en begin hom meer haat en vrees. Daarom beraam hy nog 'n slinkse plan om Dawid dood te maak.

### **Dawid trou met Saul se dogter Migal**

Saul het sy oudste dogter, Merab, vir Dawid as vrou beloof, maar hy gee haar nou aan 'n ander man. Toe Saul sien dat sy dogter Migal Dawid liefhet, beloof hy haar as vrou aan Dawid, op voorwaarde dat hy 100 Filistyne moet verslaan. Dawid willig in en verslaan 200 Filistyne. So misluk Saul se listige plan om Dawid dood te maak. Saul se wrok teen Dawid word nog groter

sodat hy met Jonatan en sy knegte praat oor sy plan om Dawid dood te maak. Jonatan raai hom dit ten sterkste af, waarop Saul sweer dat hy Dawid nie sal doodmaak nie.

So kom Dawid weer in Saul se guns. Later veg die Israeliete teen die Filistyne en Dawid verslaan hulle met 'n groot slag. Nou is Saul opnuut afgunstig op Dawid. Hy word rasend en probeer om Dawid met sy spies teen die muur vas te pen. Weer misluk sy poging omdat Dawid betyds padgee.

### **Migal red Dawid se lewe**

Dawid is nou verplig om te vlug. Eers vlug hy na sy huis, maar ook daar is hy nie veilig nie. Saul stuur sy dienaars soontoe om hom te vang sodat hy hom kan doodmaak. Om aan Dawid die geleentheid te bied om te ontsnap, beraam Migal 'n slim plan. Sy sit die huisgode in sy bed, en sê aan die manne wat Dawid kom soek, dat hy siek is. Intussen laat Migal vir Dawid in die nag deur 'n venster afsak, en red so sy lewe.

Dawid vlug so vinnig as wat hy kan en kom by Samuel in Rama aan. Saam vlug hulle verder en gaan bly in Najot. Toe Saul dit hoor, stuur hy manne daarheen om Dawid te vang. Toe die manne egter naby die profete by Samuel kom, word die manne deur die Gees van God aangegryp, sodat hulle begin profeteer. Toe 'n tweede en ook 'n derde dienskneg nie hul opdrag kan uitvoer nie, gaan Saul self na Najot. Op sy vraag waar Samuel en Dawid is, kom die Gees van God ook oor hom, sodat hy self begin profeteer. Hy het sy klere uitgetrek en 'n hele dag en nag op die grond gelê.

### **Dawid en Jonatan**

Eindelik gaan kla Dawid sy nood by sy boesemvriend, Jonatan. Jonatan belowe om hom te waarsku indien sy vader hom wil doodmaak. Dawid sal buite in die veld wegkruip terwyl al die offisiere 'n feesmaal by Saul bywoon. As Saul vra waar Dawid is, sal Jonatan aan hom sê dat Dawid verlof gevra het om na 'n offerfees van sy familie in Betlehem te gaan. As Saul kwaad word, sal hulle weet dat hy Dawid nog steeds wil doodmaak en dan sal Jonatan hom in die veld kom waarsku.

Dawid en Jonatan sweer weer trou aan mekaar. Hy sal Dawid waarsku deur 'n pyl af te skiet in die omgewing waar Dawid wegkruip. As hy vir sy dienaar sê dat hy die pyl nader moet soek, dan sal Dawid weet dat dit veilig is. As hy egter sê dat die pyl verder lê, moet Dawid vlug vir sy lewe.

Saul word baie kwaad toe Dawid nie by die fees opdaag nie, en hy sê reguit vir Jonatan dat hy Dawid gaan doodmaak. Daarop gaan waarsku Jonatan vir Dawid soos hulle afgespreek het.

### **Dawid vlug van plek tot plek**

Dawid vlug na Nob waar die tabernakel opgeslaan is, en skuil by die hoëpriester Ahimeleg. Hy vra vir Ahimeleg brood vir hom en sy manskappe, en Ahimeleg gee hom van die toonbrode wat in die tabernakel is. Iets wat hy nie geoorloof was om te doen nie.<sup>3</sup> Hy vra ook wapens, waarop die hoëpriester die swaard van Goliat wat in die tabernakel bewaar word, aan hom gee. Later vertel Doëg, die Edomiet, aan Saul dat hy Dawid by Nob gesien het en van alles wat daar gebeur het.

Van Nob af vlug Dawid na Agis, koning van Gat. Toe die koning se dienaars hom wil vang, maak hy of hy kranksinnig is en slaag op dié manier daarin om die dood vry te spring. Hy gaan terug na Juda en skuil in die spelonk van Adullam. Hier sluit ander vlugtelingen by hom aan, sodat hy later 400 dapper manne by hom het. Hierna trek hy na Moab waar hy sy ouers agterlaat onder beskerming van die koning. Hyself moet op bevel van die Here na Juda vlug.

### **Saul maak die priesters dood**

Toe Saul hoor waar Dawid is en dat 'n groot aantal soldate by hom aangesluit het, word hy bang. Saul laat Ahimeleg wat aan Dawid die toonbrode gegee het, saam met al die priesters, haal. Op grond van Doëg, die Edomiet, se getuienis beskuldig hy hulle van verraad. Hoe Ahimeleg hom ookal verdedig en onskuldig pleit, dit maak geen verskil nie. Op bevel van Saul word hy en die ander 85 priesters deur Doëg doodgeslaan. Selfs vroue en kinders is nie gespaar nie. Alleen Abjatar, een van die seuns van Ahimeleg, ontvlug na Dawid. In die gebeure sien ons hoe die profesie aangaande die oordeel oor Eli se huis in vervulling gaan.<sup>4</sup>

---

3 Mark. 2: 25 en 26 En Hy sê vir hulle: Het julle nooit gelees wat Dawid gedoen het nie - toe hy in die nood was, en hy en die wat by hom was, honger gehad het - hoe hy in die huis van God gegaan het in die tyd van Abjatar, die hoëpriester, en die toonbrode geëet het wat vir niemand behalwe die priesters geoorloof is om te eet nie; en ook aan die wat saam met hom was, gegee het?

4 1 Sam. 3: 12 en 13 Dié dag sal Ek aan Eli vervul alles wat Ek oor sy huis gespreek het, van begin tot end. En Ek sal hom te kenne gee dat Ek sy huis gaan oordeel tot in ewigheid oor die ongeregtigheid wat hy geweet het; want toe sy seuns skande oor hulleself gebring het, het hy hulle nie streng bestraf nie.

## **Saul na Kehila en Sif**

Toe die Filistyne later Kehila beleër, vra Dawid die Here of hy teen hulle moet gaan veg. Die Here gee sy toestemming. Die Filistyne word verslaan en die inwoners van Kehila gered. Toe Saul dit hoor, dink hy dit is 'n goeie geleentheid om Dawid in die stad met sy poorte en grendels vas te keer. Dawid verneem van Saul se planne en raadpleeg die Here, deur middel van die Urim en Tummim, om te verneem of die inwoners van Kehila hom aan Saul sal uitlewer.

Die Here toon aan hom die troueloosheid van die inwoners van die stad en Dawid besluit om dadelik Kehila te verlaat en met sy manne na die woestyn Sif te vlug. Maar daar laat Saul hom ook nie met rus nie. Hy vind by die Sifiete uit waar Dawid is en omsingel hom heeltemal. Onverwags kom daar 'n boodskapper na Saul met die nuus dat die Filistyne sy land binnegeval het. Saul staak dadelik sy agtervolging en keer terug om teen die Filistyne te gaan veg. So red God Dawid op wonderbare wyse.

## **Dawid spaar Saul se lewe**

By twee geleenthede kan Dawid vir Saul om die lewe bring, maar hy doen dit nie aangesien hy nie die gesalfde van die Here wil doodmaak nie. Hy vertrou dat die Here op sy tyd die koningskap aan hom sal gee.

Die eerste geleentheid is by die grot van Engedi. Dawid en sy manskappe skuil agter in die grot toe Saul alleen daar inkom. Dawid sny stilletjies 'n deel van die koning se mantel af wat hy eenkant op die grond neergesit het. Toe Saul uitloop, sê Dawid aan hom dat hy hom maklik kon doodgemaak het, maar dat hy niks verkeerd teen Saul wil doen nie. Saul kry skaam oor sy optrede teen Dawid, maar in sy hart bly hy steeds Dawid haat.

By 'n ander geleentheid agtervolg Saul weer vir Dawid in die woestyn Sif. Een nag, terwyl Saul en sy manskappe slaap, sluip Dawid saam met Abisai in Saul se laer in. Abisai wil Saul doodsteek, maar Dawid keer hom, want sy saak is in die hand van die Here. Hy neem net Saul se spies en waterkruik saam met hom. 'n Rukkie later roep hy van 'n heuwel daar naby na Abner, die leërowerster van Saul, en verwyt hom dat hy die koning so sleg beskerm. Saul herken Dawid se stem en kry weer baie skaam oor sy optrede. Hy vra Dawid om terug te kom, maar Dawid wil dit nie doen nie, omdat hy bang is dat Saul weer van gedagte sal verander. Hierna het Dawid en Saul mekaar nooit weer gesien nie.

## **Dawid en Nabal**

Dawid trek met sy manne na die woestyn Paran waar hulle die herders en vee van 'n ryk boer, Nabal, beskerm. Nabal beteken dwaas. Toe Nabal besig is om sy skape te skeer stuur Dawid sy manne na hom met die versoek om vir hulle kos te gee. Nabal beledig Dawid en skel hom uit vir 'n oproermaker. Hy weier beslis om aan Dawid se versoek te voldoen. Hieroor word Dawid baie kwaad en besluit om Nabal te straf.

Een van Nabal se knegte gaan vertel aan Nabal se vrou, Abigail, wat gebeur het. Abigail kom met baie kos na Dawid toe en oortuig hom om nie met sy planne teen Nabal voort te gaan nie. Haar verstandige optrede maak 'n groot indruk op Dawid sodat hy haar geskenk aanneem. Daarna gaan sy terug huis toe. Die volgende dag vertel sy alles aan Nabal. Nabal word so kwaad dat hy ernstig siek word en tien dae later sterf. Toe Dawid hoor dat Nabal dood is, laat roep hy vir Abigail en neem haar as sy vrou. Hy was ook reeds met Ahinoam getroud. Saul het intussen Dawid se eerste vrou, Migal, aan iemand anders as vrou gegee.

## **Dawid in Siklag**

Eindelik word Dawid moeg vir die voortdurende gevlug in Kanaän en gaan hy weer na die Filistyne in Gat. Hulle koning Agis gee die stad Siklag vir hom en sy manne om daar te woon. Toe die Filistyne die land Kanaän binneval, wil Agis eers vir Dawid saamneem in die oorlog teen Israel, maar die ander Filistynse konings vertrou nie vir Dawid nie, en daarom stuur Agis hom terug na Siklag.

Toe Dawid en sy manskappe terugkom in Siklag, sien Dawid en sy manne dat die Amalekiete die stad ingeneem en al die vroue en kinders weggevoer het. Sy manne is nou so kwaad vir Dawid dat hulle hom wil stenig, maar die Here help hom. Op die Here se bevel agtervolg hulle die Amalekiete en oorval hulle terwyl hulle besig is om fees te vier. Hy verslaan hulle, neem hulle besittings terug en buit ook al die Amalekiete se besittings.

## **Saul en die heks van Endor**

Toe die Filistyne weer teen Israel optrek om oorlog teen hulle te voer, wag Saul vir hulle met sy leër in op die berg Gilboa. Hy wat vroeër so dapper was, is nou bang vir die Filistyne. Hy vra na die wil van die Here, maar die Here antwoord hom nie. Dan gaan hy na 'n waarsegster in Endor om by haar

uit te vind wat met hom gaan gebeur. Die vrou is eers bang om hom te help, want Saul het vroeër al die waarsegsters in Israel laat uitroei.

Sy weet egter nie dat dit Saul self is nie, want hy is vermom. Eindelik stem sy in om hom te help om die gees van Samuel op te roep. Sy vertel hom dat hy en sy seuns die volgende dag sal sterf en dat Dawid in sy plek koning gaan word. Saul skrik so groot dat hy magteloos op die grond neerval en hulle hom moet help om weer op te staan.

## **Die dood van Saul**

Die volgende môre gaan dit sleg met Israel in die geveg. Die Israëliete word verslaan en 'n groot aantal soldate sneuwel. Dit lyk of die Filistyne hulle veral daarop toelê om Saul en sy seuns dood te maak. Soos helde het hulle gestry, maar Jonatan, Abinadab en Malkisua, die seuns van Saul, sneuwel almal. Spoedig bereik die vyandelike boogskutters Saul sodat daar geen kans vir hom is om te ontsnap nie. Hy verkies om liewer deur sy wapendraer doodgesteek te word as om in die hande van die Filistyne te val. Maar sy wapendraer weier om 'n koningsmoordenaar te wees. Toe val Saul in sy eie swaard en sterf.

Die volgende dag vind die Filistyne Saul dood op die slagveld. Hulle kap sy kop af en stuur sy wapenrusting as teken van hulle oorwinning deur die land. Saul se liggaam het hulle opgehang aan die muur in Bet-San. Toe die inwoners van Jabes dit hoor, dink hulle terug aan die verlossing wat Saul vroeër vir hulle bewerk het, toe Nahas hulle regteroë wou uitsteek.<sup>5</sup> Hulle gaan toe stilletjies in die nag en haal die liggame van Saul en sy seuns van die muur by Bet-San af. Daarna verbrand hulle die liggame en begrawe hul bene.

## **Dawid ontvang die tyding van Saul se dood**

In Siklag kom 'n Amalekiet by Dawid aan met die tyding dat Saul dood is. Hy vertel egter aan Dawid dat hy self vir Saul doodgemaak het, want hy hoop dat Dawid hom 'n groot beloning sal gee. Dawid trek 'n roukleed aan en treur oor Saul en Jonatan, maar die boodskapper laat hy doodmaak. Dawid doen dit omdat hy dink dat die Amalekiet die gesalfde van die Here doodgemaak het.

---

5 1 Sam. 11: 1 En Nahas, die Ammoniet, het opgetrek en Jabes in Gilead beleër; en al die manne van Jabes het aan Nahas gesê: Sluit met ons 'n verbond, dan sal ons u dien.

1 Sam. 11: 2 Maar Nahas, die Ammoniet, het vir hulle gesê: Op hierdie voorwaarde sal ek die verbond met julle sluit, dat ek julle almal die regteroog uitsteek en dit as 'n skande op die hele Israel kan lê.



**Aanbevole leesstukke:**

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 61 - 67 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 389 - 402 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 226 - 268 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 271 - 289 p.